




**BYBELSTUDIEGROEPE**



**SONDAG 25 Maart 2012**

- 19:00-20:00 in die konsistorie vir Bybelstudie uit *Hebreërs*.

**WOENSDAG 28 Maart 2012**

- 10:00-11:00 in die konsistorie vir Bybelstudie uit *Lukas*.
- 18:00-19:00 in die konsistorie die Voetsoldate Jeuggroep 7 en ouer.



**DANKWOORD DIAKENS**

Die diakens bedank al die susters wat hulp aangebied het met leesonderrig by die Rethabile-kinderhuis. Dit word ten seerste waardeer.



**KENMEKAARGROEP**

Almal wat nuut in die gemeente is of nog nie betrokke is nie (of nog meer betrokke wil wees) is baie welkom om elke tweede Woensdag om 18:00 na die pastorie te kom. Die volgende byeenkoms is eerskomende Woensdag, 21 Maart 2012.



# SIMBAAL

“Prys Hom met galmende simbale”

[Psalm 150:5]

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord

[Webadres – <http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/>]

Jaargang 7

Sondag 18 Maart 2012

Nommer 8

**HET DIE GELOWIGE 'N VRYE KEUSE?**

- Sekere mense gaan van die standpunt uit dat die gelowige gered word omdat die mens self so gekies, en God derhalwe dien.
- Dit beteken dat die mens self kies of hy gered wil word of nie. Jy kies of jy God wil volg of jy kies om dit nie te doen nie.

Gewoonlik wil die mense wat so redeneer nie die genade van God en die kruis van Christus loslaat nie. Hulle redeneer dat in jou verlossing *God se genoegsame genade* én jou eie keuse albei 'n rol speel. Die keuse word aan mens oorgelaat wie hy wil dien. Daarom kies party mense die duisternis bo die lig. Die mens kies *self* of hy verlos wil word of nie.

Hierdie redenasie bring ons by die slotsom dat God eintlik sit en wag om te kyk wat die mens *kies*. Dit beteken dat God se hande gebind is om jou te red as jy nie self die keuse vir jou redding gedoen het nie. Dit beteken dat j<sup>ou</sup> besluit die finale rol speel in jou redding en ewige saligheid en nie die besluit en wil van God nie.

- As dit kom by die keuse van die mens sal geen mens uit homself 'n keuse maak om deur God gered te word nie. Vanweë die boosheid in hom is die mens nie in staat tot 'n goeie besluit nie.
- Elke mens is in sonde ontvang en gebore, van nature geneig om God en sy naaste te haat [Kategismus antwoord 5 & 7]. Jou keuse sal dus in hierdie waarheid gegrond wees elke keer as jy 'n beslissing moet maak. Jy kan nie in jouself kies wat reg is nie. Dit lê in die besluit van God.
- Die *mens se wil* is dus nie *vry* nie. Omdat hy 'n slaaf van die sonde is kies hy konsekwent *verkeerd*. Altyd vir Satan en teen God.

(Vervolg op bl. 7)

## DIE KEUSE TUSSEN HEL EN HEMEL

Jesus het vir 30 jaar lank in sy ouerhuis opgegroeï in die dorpie Nasaret in Galilea.

- Toe Hy 30 jaar oud was het Hy sy ouerhuis verlaat om rond te gaan om te preek en wondertekens te doen.
- Jesus se openbare optrede begin met sy **doop** deur Johannes die Doper [Mark. 1:9-11].
- Na sy doop het die Heilige Gees Christus die woestyn ingelei om deur die Satan versoek te word.

Van sy verblyf in die woestyn skryf Markus: **“Jesus was daar saam met die wilde diere, en die engele het Hom versorg”** [Mark. 1:13].

Hierdie woorde het simboliese betekenisse.

- ▶ Die wilde diere is simbool van die *sonde* (die hel) [Gen. 3:17-19].
- ▶ Die engele is simbool van die *hemel*.

Tussen hierdie twee het Christus 'n keuse en tussen hierdie twee sal Hy moet ly totdat Hy uitroep *“Dit is volbring”* [Joh. 19:30]. Hierdie waarheid het vir ons as gelowiges in 2012 ook groot betekenis. Dit is waar ons ons lewensroeping ook moet vervul, tussen die *“wilde diere”* [die verwildering deur die sonde] en die *“engele”* [die hemelse kalmte van die verlossing in Christus]. Tussen hierdie twee word jy soms wreed heen en weer geslinger, dan in die groot gevaar van die suigkrag van die hel en dan weer in die geloofskalmte en sekerheid van die hemel. In Jesus Christus is jy instaat om die regte keuse te maak. In die oorwinning van Christus aan die kruis kies jy vir die hemel en nie vir die hel nie. En hierdie keuse moet jou daaglikse lewe kenmerk. Alleen as jy voluit uit hierdie keuse leef is dit moontlik om in die tyd staande te bly want dan is jou lewenswortels nie geanker in die gebroke werklikheid nie maar- in die onfeilbare Woord van God, jou rigsnoer vir jou pad na die hemel, die ewigheid wat God skenk.



Die mens se keuse is altyd vir die sonde en teen God. Die keuse wat die mens maak ten goede kom alleen van God af. God stel hom daartoe in staat.

Nêrens is dit nie duideliker as by die kruis nie. Die mense kies uit vrye wil vir Barabbas om vrygelaat te word en Jesus kies die wil van sy Vader om die mense te red van hulle sonde.

God red mense teen hulle wil – terwyl hulle nog vyande van Hom was [Rom.3:23, Rom.5:6]. Christus sterf nie vir "alle mense", sodat dan net dié wat reg kies verlos word nie. Hy sterf vir die sonde van die wêreld. Genoeg dus vir ál die mense, maar níe *outomaties* vir al die mense nie.

- *Wie is die mense wat gered word?*
- *Dié mense wat glo!*
- *Maar wat glo hulle?*

- Hulle glo nie dat hulle gered word omdat hulle reg kies nie
- Hulle glo, oorstelp van vreugde en verwondering, dat hulle gered word omdat Góð hulle uitgekies het om gered te word in Jesus.
- Hulle word nie gered omdat hulle glo of reg kies nie.
- God het hulle soos brandhout uit die vuur geruk en hul sondes is vergewe *om Jesus ontwil*, nie omdat hul keuse reg was nie.

Die verlostes kan hierdie **glo** van hulle *nóóit* as 'n vrye keuse beskryf nie.

God het hulle met die evangelie *om-gepraat*. Hy het hulle ORE *oop-gepraat* met die evangelie, Hy het hulle deur die Gees uit die dood opgewek.

- ✦ Ons enigste bydrae tot die verlossing is die sonde, en die niksdoen van 'n drenkeling om gered te word.
- ✦ Dis nie 'n geval van kies of nie kies nie!

Inteendeel, hoe kan iemand wat saam met Christus gesterf en opgestaan het, omdat God daartoe besluit het, anders lewe as uit die nuwe lewe in Christus [Rom.6:2]. Hoe kan iemand wat uit die ewige dood gered is en die ewige lewe ontvang anders as om gehoorsaam

te lewe volgens God se wet uit dankbaarheid vir die genade [Ps.116:12-14].

*Dr Nico van der Merwe*

6. **SIMBAAL 18 Maart 2012**

**BAIE DANKIE!**

Koekies, beskuit, padkos, koeldrank, speelgoed, heerlike kos, tyd en aandag – daarvoor sê die diakens en die agt seuns van die President Kruger Kinderhuis **BAIE DANKIE** aan al die lidmate wat 'n wonderlike kuieraweek op Hannes en Gerty Pelser se plaas vir hulle en Annalie Neveling, hul versorger, moontlik gemaak het. Hulle het Vrydagmiddag, 9 Maart, om 13:30 met hul bussie in Klerksdorp aangekom, waarna hulle by Johan en Hanlie Mocke onthaal is en in die swembad kon afkoel en baljaar. Later die middag is hulle plaas toe en het langs die pad al heelwat wild gesien. Aandete was kerrie en rys en 'n heerlike nagrus daarna. Vroeg Saterdagoggend is ontbyt in 'n skottelbraai gemaak, en daarna is hulle veld toe. Selfs die jongste, Anthony (5), het vasgebyt en enduit klaargemaak. 'n Wildrit het gevolg en die seuns het nie honger gebly nie - peuselgoed was volop. Gedurende die middag het ons gemeente se jongmense begin opdaag en gesorg vir krieket en snoekerspel. Nog meer lidmate en ds. André, Isabel en hul gesin, het bygekom en toe het die braaivleisvuur begin knetter. Almal het in ons gemoedere saamgesing toe klein Hendrik de la Rey se fors stemmetjie in die aandlug opklink met "Genade, onbeskryflik groot..." Ja, inderdaad, God se genade is groot - Christene, jonk en oud, kon mekaar se lewens aanraak en verryk. Na die erediens Sondagoggend was die seuns dit eens - "ons wil weer kom!" Kyk gerus in die vierkant vir enkele foto's wat 'n beeld van 'n besondere naweek gee.

**SUSTERS SOEK NA LEPELS**

Vier opskeplepels van die Susters is tans soek. 'n Vriendelik versoek dat u asb. sal oplet of dit nie dalk per ongeluk tussen u lepels beland het. Baie dankie!

**VRYWILLIGERS BENODIG**

As u belangstel om op 'n gereelde basis **HOSPITAALBESOEK** te doen, meld asb. aan by ds. André de Jager.

As u graag met kinders werk, is u welkom om Hanlie Mocke of Martie Venter te skakel. Daar is dringend hulp nodig om die jonger kinders in Huis 3, Rethabile Kinderhuis te help met lees.

**SIMBAAL 18 Maart 2012**

3.

**VERKIESING VAN AMPSDRAERS**

Die volgende lidmate word ter approbasie aan die gemeente as nuwe kerkraadslede voorgelê: As *diaken* br Janneman Botha en br Hannes Uys as *ouderling*. Indien hulle die roeping opvolg en daar geen besware teen hulle ingebring word nie, sal hulle DV binnekort bevestig word. U voorbidding word gevra vir hierdie lidmate met die oorweging van die roeping as ouderling en diakens.

**BEROEPE – GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA**

**BEROEPE ONTVANG**

- Ds. CA Jansen van Secunda na Pietersburg-Suid.
- Proponent SJL Linde na Pretoria-Wonderboom-Suid.
- Ds. JC van Dyk van Ventersdorp na Kuruman.
- Ds. HC van Rooy van Randburg na Durban-Noord.

**BEROEPE AANVAAR**

- Proponent SJL Linde na Pretoria-Wonderboom-Suid.

**BEROEPE BEDANK**

- Ds. W van den Heever van Rietvallei na Zeerust.
- Ds. TJ van Vuuren van Heilbron na Elandskraal.

**OUERS MET BABAS EN KLEUTERS KOM BYMEKAAR**

Ds. André en sr. Isabel de Jager nooi al die ouers met klein kindertjies uit om *Vrydag 17 Maart 2012* tussen *17:30* en *19:00* by die *Pastorie* bymekaar te kom. Die doel is om mekaar te leer ken sodat ons mekaar kan ondersteun en van mekaar kan leer. Bring 'n versnaperingstjie as jy kan, maar in elk geval KOM. Ons sal sorg vir iets om te drink. Ons sien baie daarna uit om julle hier te ontvang.


**VRYWILLIGERS BENODIG**

- As u belangstel om op 'n gereelde basis **HOSPITAALBESOEK** te doen, meld asseblief aan by ds. André de Jager.

- As u graag met kinders werk, is u welkom om Hanlie Mocke of Martie Venter te skakel. Daar is dringend hulp nodig om die jonger kinders in Huis 3, Rethabile Kinderhuis te help met lees.

**4 SIMBAAL 18 Maart 2012**

<b>KOLLEKTES</b>			
Datum	By die diakens	Sakkies by die deure	
18 Maart	Barmhartigheid	Trans Oranje Instituut	
25 Maart	Barmhartigheid	Trans Oranje Instituut	
01 April	Barmhartigheid	Publikasies Teologiese Skool	
<b>GEMEENTEPROGRAM</b>			
Sondag 18 Maart tot Saterdag 17 Maart 2012			
Sondag 18 Maart	Oggenddiens	09:30-10:30	
Sondag 18 Maart	Katkisasie les 6	10:30-11:00	
Sondag 18 Maart	Aanddiens	18:00-19:00	
<b>TEESKINKBEURTE</b>			
Sondag 18 Maart 2012	Wyke 08 & 09		
Sondag 25 Maart 2012	Wyke 10 & 11		
Sondag 01 April 2012	Geen teeskink vakansie		
<b>VERJAARDAE</b>			
18 Maart 2012 tot 24 Maart 2012			
20 Mrt.	Jannie Blignaut	Wyk 01	083-659-5400
20 Mrt.	Bonnie Lotter	Wyk 12	018-468-1233
21 Mrt.	Nadia Cornelius	Wyk 05	018-468-6803
23 Mrt.	Paul Smit	Wyk 11	018-469-1884
<i>Dit is 'n voorreg vir die gemeente om elkeen wat hierdie week verjaar hartlik geluk te wens. Seën en voorspoed van God word julle toegebied.</i>			



**WWESSKAMP**

Werkende Wesens en Senior Studente, met ander woorde, jong mense wat reeds uit die skool is. Hierdie kamp word jaarliks in die Drakensberge naby die Drakensberg se Seunskoor gehou. Hierdie jaar is dit 26-29 April

en die tema is: “Liewer dooie Jan is bang Jan. Die strekking hiervan is, wat bepaal jou optrede, vrees of die liefde en teenwoordigheid van die Here in jou lewe.

Almal is baie welkom. As jy meer inligting wil hê skakel my by 082 975 2745 of stuur 'n e-pos na [apdejager@gmail.com](mailto:apdejager@gmail.com)

**SIMBAAL 18 Maart 2012**

**LIEF EN LEED**



- Ons dink aan **Johan en Felecity Viljoen** nadat sr. Felecity se vader, oom Robert Peacock (77) van Vierfontein, in die Anncron was vir behandeling na inwendige bloeding. Hy is intussen ontslaan, maar die familie wag nog op uitslae van toetse. Ons bid en vertrou dat hy weer volkome sal herstel.
- Adriaan de Jager**, seuntjie van ds. Andre en Isabel de Jager, herstel mooi na sy onlangse operasie. Hy is nog op 'n helder vloeistof dieet en het nog maar baie seer, maar hy lyk elke dag beter. Ons is die Here innig dankbaar vir Sy genade ook die afgelope tyd.
- Oom Peet van der Walt** het die afgelope week Pretoria toe gegaan vir 'n opvolg-ondersoek nadat hy 'n tyd gelede 'n pasaangeër gekry het. Ons is dankbaar om te verneem dat hulle veilig gereis het en dat oom Peet goed voel nadat die pasaangeër weer ingestel is.

**SKOOLVERLATERSKAMP**

Tussen 8 en 13 Julie vind die skoolverlaterskamp te Nooitgedacht plaas. Meer inligting sal later beskikbaar wees.

**SEEKAMP**

Klasses Suid-Vrystaat en Karoo-Kei bied weer hulle jaarlikse seekamp aan vanaf 30 Maart 2012 tot 3 April 2012. Ons vertrek op die 30ste om 12:00 vanaf die Gereformeerde Kerk Bloempark en volg dan die N6 roete tot in Oos-Londen waar ons by “Lekkeroord” sal tuis gaan. Tema: Hey, wat's jou storie? Koste: R870 = sluit vervoer verblyf en etes in (Indien jy in die Oos-Kaap bly en met eie vervoer soontoe gaan, is die kostes net R480) Ons gaan ook twee spesiale spanbou pogings aanbied wat op die oomblik blyk kajak vaar en snorkel te wees.

Hendrik Stoltz Tel. 051 522 7166 Sel. 083 280 2091  
[hjstoltz@telkomsa.net](mailto:hjstoltz@telkomsa.net) Gereformeerde Kerk Bloemfontein-Suidheuwels

